Hoe om ’n Voortrekkerwapen van sjokolade te maak

Maak ’n sjokoladevorm van die Voortrekkerwapen. Hierdie aktiwiteit kan tydens enige spanbyeenkoms gedoen word of as die Voortrekkerwapen bespreek word.

? Stappe

1. Jy benodig rooi silikoon-Voortrekkerwapens wat verkrygbaar is by die Voortrekkerdepot. Daar is twee groottes beskikbaar.
2. Breek die sjokolade in blokkies. Gooi die blokkies in ’n kastrol of bak.
3. Daar is twee metodes om die sjokolade te smelt.
   Metode 1: Mikrogolf: Plaas die sjokolade in ’n bak vir 1 minuut in ’n mikrogolfoond op lae hitte. Roer. Plaas vir ’n verdere minuut in die mikrogolfoond. Roer telkens. Indien die sjokolade nog nie gesmelt is nie, kan jy dit vir nog ’n paar sekondes in die mikrogolfoond plaas.
   Metode 2: Oor kookwater: Gebruik ’n dubbelkoker. Gooi water in die onderste deel en laat kook. Draai die hitte af en plaas die sjokolade-blokkies in die boonste deel. Roer gereeld totdat al die sjokolade gesmelt is.
   Gooi die gesmelte sjokolade in die wapenvorms. Moenie te vol maak nie. Laat afkoel. Plaas in die yskas as jy die sjokolade-wapens vinnig wil laat hard word.
4. Hierdie sjokoladewapens kan ook as ’n geskenk gegee word bv. vir ’n spreker of net bloot ’n dankie-sê geskenk.
5. Dit kan ook uitgedeel word by skole se opedae. Gee vir elke voornemende lid wat die Voortrekkerstalletjie besoek ’n sjokolade-wapen met die kontakbesonderhede van die kommando daarby.

☺ Wenke

1. Gebruik baksjokolade wat makliker smelt of enige ander tipe sjokolade.

☠ Waarskuwings

1. Moenie die sjokoladeblokkies direk in ’n kastrol op ’n stoofplaat sit nie. Gebruik ’n dubbelkoker of iets soortgelyks.